Verwysing: 20170907-4662
4/5/1
Navrae: Sien paragraaf 10

Omsendbrief: 0033/2017
Vervaldatum: 31 Maart 2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunkdirekteure by distrikskantore, en Prinsipale en Voorsitters van Beheerliggame van artikel 21- gewone openbare skole

Kort Opsomming: *Besonderhede van die finansiële toewysing aan artikel 21-skole vir die 2018/19-boekjaar en riglyne vir die verkryging van goedere en dienste.*

Onderwerp: Artikel 21-skole: Norme-en-standaarde-befondsing vir skole graad 1–12 — finansiële toewysing vir die 2018/19-boekjaar

1. **Toewysing**

Die voorlopige norme-en-standaarde (N&S) -toewysings vir artikel 21-skole vir die volgende drie jaar, vir die tydperk vanaf 01 April 2018 tot 31 Maart 2021, is op SOBIS beskikbaar. Toegang kan daartoe verkry word deur die volgende te doen:

- Teken aan op SOBIS.
- Kies "Public Ordinary".
- Kies skool.
- Kliek "Proceed". Kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en kliek op "Norms and Standards Allocation". Kies "N&S 2018/19".
- Druk die bladsy.

Let asseblief op die volgende:

1.1 Toewysings word bereken ooreenkomstig die voorskrifte in paragraaf 108 tot 114 van die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (NNSSB) in Staatskoerant No. 29179 van 31 Augustus 2006.

1.2 Volgens paragraaf 114 van die NNSBF, dui die Nasionale Teikentabel soos gepubliseer in Staatskennisgewing No. 12, Staatskoerant No. 40818 van 28 Apri 2017 die 2018 geteikende bedrag per leerder aan. Die geenskoolgelddrumpel sal R1 316 wees.

<u>Nasionale</u> Teikentabel vir die skooltoewysing graad 1–12 (2018—2020)

	2018	**2019***	**2020***
NK1 **Geen gelde**	1 316	1 394	1 471
NK2 **Geen gelde**	1 316	1 394	1 471
NK3 **Geen gelde**	1 316	1 394	1 471
NK4 **Geen gelde**	1 316	1 394	1 471
NK5 **Geen gelde**	1 316	1 394	1 471
NK4 **Gelde betaalbaar**	660	699	737
NK5 **Gelde betaalbaar**	228	241	254
Geenskoolgelddrumpel	1 316	1 394	1 471

* Syfers vir 2019 en 2020 (aangepas by geprojekteerde inflasiekoers) is die geprojekteerde nasionale teikens wat gekommunikeer is.

1.3 Die voorlopige toewysings is op grond van die 2017 10de dag Kitsopname-leerderinskrywings bereken.

1.4 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) sal die leerderinskrywings van alle skole met die 2018 10de dag Opname nagaan. **Finale toewysingsbriewe** sal teen 16 Maart 2018 op SOBIS gepubliseer word.

2. Betalingskedule

2.1 Skoolgeldskole

Skole sal hul N&S-toewysing vir die 2018/19-boekjaar in twee betalings ontvang, naamlik 60% in April–Mei 2018 en 40% in Oktober–November 2018. Artikel 21-skole moet hul eerste oordragbetaling (60%) gebruik om hul 2019 leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) via hul eie verskaffers of die aanlynbestelstelsel aan te koop sodat dit voor die einde van September 2018 beskikbaar sal wees; en ook om vir ander uitgawes te betaal, soos in paragraaf 3.1 hieronder uiteengesit. Die tweede oordragbetaling (40%) moet gebruik word om toepaslike skoolverwante uitgawes tot 31 Maart 2019 te dek. Waar die WKOD enige LOOM namens skole aankoop, sal sodanige koste van die tweede oordragbetaling afgetrek word.

2.2 Geenskoolgeldskole

20% van die totale N&S-toewysing wat in April–Mei 2018 oorbetaal word (kyk paragraaf 2.1 hierbo), moet teruggehou word vir lopende bedryfs-**niepesoneeluitgawes** te dek. Skole sal in die N&S-toewysingsbrief van hierdie bedrag in kennis gestel word. Hou in gedagte dat die skool tot April 2019 met

hierdie bedrag sal moet uitkom wanneer betaling vir die volgende boekjaar ontvang sal word.

3. **Benutting van die toewysing**

3.1 Die N&S-toewysing is hoofsaaklik bedoel vir LOOM, plaaslike aankope, munisipale dienste, noodsaaklike daaglikse instandhouding van skoolgeboue, terreine en toerusting (niegeskeduleerde instandhouding), en ander lopende uitgawes. Eie inkomste, soos bedoel in paragraaf 6 hieronder, moet eers gebruik word om tekorte in bogenoemde verband te dek voordat dit aangewend word vir die finansiering van beheerliggaamposte.

Daar word vir 2018/19 <u>aanbeveel</u> dat skole hul beskikbare toewysing soos volg tussen die onderskeie uitgawekategorieë verdeel:

- 30% vir LOOM-bestellings vir 2019 waarvan 10% spesifiek vir biblioteekmateriaal gereserveer moet wees (elke leerder moet 'n handboek vir elke vak hê). Die voorraad skoolbiblioteekmateriaal moet jaarliks aangevul word totdat die totale aantal items die minimum van die internasionale standaarde van 10 items per leerder weerspieël. Kyk paragraaf 3.1.1 hieronder vir die lys met items wat onder LOOM val.
- 20% vir plaaslike aankope
- 25% vir munisipale dienste **(Skole kan egter begroot vir 'n groter persentasie as uitgawetendense dit noodsaak.)**
- 25% vir instandhouding

3.1.1 <u>Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)</u>

a) Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) definieer LOOM as enige materiaal wat onderrig en leer direk in die klaskamer of by die huis (tuiswerk) ondersteun en fasiliteer. Dit sluit die volgende in:
   - Handboeke, leesboeke, naslaanboeke, voorgeskrewe werke, atlasse en woordeboeke
   - Werkboeke
   - Plakkate, land- en muurkaarte
   - Opvoedkundige bordspeletjies
   - Biblioteekmateriaal (fiksie en niefiksie), naslaanboeke, plakkate en video's wat vooraf opgeneem is, DVD's, oudiokassette, CD's, CD-ROM's, multimedia, ens.
   - Rekenaarsagteware en lisensies
   - Hulpbronmateriaal vir opvoeders, leerders, klaskamers en biblioteek

b) Daar word van skole verwag om hul volle LOOM-toewysing te gebruik vir die aankoop van LOOM wat die implementering van die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) tydens hul klasse sal verryk en versterk. Skole word dus aangemoedig om hul LOOM-toewysing vir die aankoop van aanvullende handboeke, voorgeskrewe werke, atlasse, woordeboeke,

werkboeke, plakkate, landkaarte, muurkaarte, opvoedkundige bordspeletjies, biblioteekmateriaal (fiksie en niefiksie, naslaanboeke, video-opnames, DVD's, oudiokassette, CD's, CD-ROM's, rekenaarsagteware, toerusting vir verbruikerstudies, gasvryheidstudies en die wetenskaplaboratorium te benut.

(c) Onderhewig aan die volgende voorwaardes, kan skole minder geld aan LOOM toewys indien:
- elke leerder in die skool oor 'n handboek vir elke vak beskik en toegang tot ander LOOM-hulpbronne het;
- die skool jaarliks 10% van die LOOM-toewysing vir die aankoop van biblioteekmateriaal gebruik het om die biblioteekvoorraad aan te vul en die totale aantal items in die biblioteekvoorraad nou bestaan uit die minimum internasionale standaard van 10 items per leerder; en
- die beheerliggaam 'n formele besluit aangaande die afwyking geneem het. (Hierdie besluit van die beheerliggaam rakende die begroting wat by 'n ouervergadering voorgelê word, moet verduidelik word en die bedrag wat per leerder aan LOOM bestee is, moet voorsien word. Hierdie besluit moet by die ouervergadering voorgelê word, ongeag of dit deur die kringbestuurder ondersteun word of nie.)

(d) <u>Hoe om LOOM te verkry</u>

- Artikel 21-skole moet mededingende kwotasies kry wanneer hulle hul bestellings by verskaffers van LOOM plaas, waar van toepassing, of skole kan aanlyn bestel. Die WKOD stel skole jaarliks (deur middel van omsendbriewe) ten opsigte van die tydsraamwerke vir die bestel van KABV-aanvullingshandboeke op SOBIS in kennis.
- Wanneer skole aanvullende LOOM bestel, moet skole alle KABV-handboeke uit die goedgekeurde nasionale katalogusse kies – verwys na goedgekeurde nasionale katalogusse wat op die WKOD se webwerf beskikbaar is by **http://wcedonline.pgwc.gov/branch/LTSM/index.html**.
- Voorgeskrewe letterkunde vir graad 10-studie in 2019 moet gekies word uit die DBO Nasionale Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Letterkundekatalogus.
- Vir bystand met die kies van skoolbiblioteekmateriaal moet skole met mnr Timothy Cloete, EDULIS-koördineerder: Skoolbiblioteekdienste, by tel. 021 957 9626 in verbinding tree. Die distrik se skoolbiblioteekadviseur en/of bronnesentrum-koördineerder kan ook in verband met die ontwikkeling van hul skoolbiblioteke gekontak word.

3.1.2 <u>Munisipale Dienste</u>

a) Die N&S-toewysing aan skole is bedoel vir die betaling van, onder andere, skole se maandelikse munisipaledienste rekeninge, wat elektrisiteit, water, riool- en vullisverwydering (beskikbaarheid- en gebruikskoste) insluit, maar die betaling van eiendomsbelasting uitsluit. Soos in die verlede, sal die staat die eiendomsbelasting op eiendom wat in die naam van die Provinsiale Regering

van die Wes-Kaap (PRWK) of, onder sekere omstandighede, die Republiek van Suid-Afrika (RSA) geregistreer is, betaal.

b) Skole moet steeds, onder andere, die besparingsmaatreëls wat in Bylae A aangedui word, implementeer.

c) Eskom en die meeste munisipaliteite het aangedui dat hulle meters vir voorafbetaalde elektrisiteit aan skole beskikbaar kan stel. Dit sal skole in staat stel om hul elektrisiteitsverbruik beter te beheer. Skole moet Eskom of hul plaaslike munisipaliteit kontak, soos van toepassing, indien hulle voorafbetaalde elektrisiteitsmeters wil laat installeer.

d) **Waar dit blyk dat skole nie hul munisipale diensterekeninge vereffen nie, behou die WKOD die reg voor om N&S-fondse terug te hou om uitstaande munisipalediensterekeninge namens die betrokke skole te vereffen.**

3.1.3 Daaglikse instandhouding

(a) Daaglikse instandhouding is van toepassing op die instandhouding van terreine, skoonmaak, opknap, herstel en/of vervanging van gedeeltes van skoolgeboue. **Gereelde instandhouding moet gedoen word om te verhoed dat skoolgeboue agteruitgaan en noodherstelwerk as gevolg van verwaarlosing nodig het.**

(b) **Waar die N&S-toewysing vir daaglikse onderhoud onvoldoende is, word van skole verwag om, waar nodig, die toewysing vanuit hul eie inkomste aan te vul.**
Skole moet vir hul daaglikse instandhoudingsherstelwerk na gelang van die toestand van hul skoolgeboue en -terreine begroot. Skole behoort 'n bedrag van hul jaarlikse toewysing vir daaglikse instandhouding opsy te sit vir die instandhouding van toerusting wat gebruik word om die skoolterrein te verbeter, bv. onderhoud van die grassnyer, die aankoop van verf vir tuinbanke op die skoolterrein, en die aankoop van kalk en kunsmis.

(c) N&S-toewysings mag nie gebruik word vir daaglikse herstelwerk aan koshuise nie. Sodanige herstelwerk moet uit leerders se losiesgeld en beurse befonds word.

4. **Die N&S-toewysing mag NIE vir die volgende gebruik word NIE:**

- **Besoldiging van personeel wat deur die beheerliggaam aangestel is**
- **Nuwe geboue**
- **Koshuisuitgawes**
- **Lenings aan individue of ander inrigtings**
- **Voertuie**

5. **Groot noodherstelwerke**

Ingevolge paragraaf 97 van die NNSSB aanvaar die WKOD verantwoordelikheid vir groot noodherstelwerk aan geboue, onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse wat vir sodanige gebeurlikhede begroot is. Die volgende herstelwerk sal ooreenkomstig die prosedures in Omsendbrief 175/2000 oorweeg word:

KATEGORIE A
Ernstige skade as gevolg van natuurrampe, strukturele probleme en brande. Die WKOD sal net verantwoordelikheid vir sodanige noodherstelwerk aanvaar as die koste meer as R10 000 beloop **en die instandhoudingsbegroting van die toewysing uitgeput is,** mits fondse beskikbaar is. Die WKOD sal, na eie goeddunke, dit oorweeg om 'n oordragbetaling vir materiaal in betreklik **minder ernstige** gevalle te maak.

6. **Eie inkomste**

Ingevolge artikel 36(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), moet beheerliggame alle redelike stappe doen om die staatshulpbronne aan te vul ten einde die gehalte van onderwys wat deur die skool **aan alle leerders by die skool** voorsien word, te verbeter. Alhoewel geenskoolgeldskole nie verpligte skoolgeld (insluitende registrasiegelde) mag hef nie, word hulle aangemoedig om vrywillige bydraes te werf en by fondsinsamelingsfunksies betrokke te raak.

7. **Verslagdoening**

7.1 Die goedgekeurde begroting van die skool moet jaarliks teen 01 Desember by die betrokke distrikskantoor ingedien word.

7.2 Alle skole moet binne 30 dae na die einde van die kwartaal (uitgawe tot 30 Junie en 31 Desember) 'n WKOD 043-vorm (sesmaandelikse verslag) by die betrokke distrikskantoor indien. Voorts vereis artikel 43(5) van die SASW dat skole (vir die aandag van die betrokke distriksdirekteur) jaarliks teen 30 Junie 'n afskrif van hul stel geouditeerde finansiële state (ingevolge artikel 43 van die SASW) vir die vorige boekjaar voorlê.

7.3 Fondse sal slegs aan 'n skool oorbetaal word as die distrikskantoor dit as finansieel sterk sertifiseer, gebaseer op die finansiële bedrywighede van vorige kwartale. **Voorts, indien 'n skool nie voor of aan die einde van die boekjaar as finansieel sterk gesertifiseer word nie, kan die skool sy N&S-befondsing verbeur.**

8. **Verdere voorwaardes**

8.1 Die beheerliggaam moet behoorlike beheer oor inkomste en uitgawes uitoefen, soos uiteengesit in die *Handleiding: Basiese Finansiële Stelsel vir Skole*, uitgereik

deur die Departementshoof ingevolge artikel 38(1) van die SASW. Indien die lede van die beheerliggaam nie oor die nodige kundigheid beskik om hierdie funksie te verrig nie, moet hulle iemand koöpteer wat hulle kan help.

8.2 Alle skoolfondse, afkomstig van die staatstoewysing sowel as eie inkomste, moet aangewend word vir doeleindes wat direk met onderwys verband hou, soos bepaal in artikel 37(6) van die SASW, insluitende die aankoop van LOOM. Ingevolge WKOD-beleid mag handboeke en leesboeke nie gefotokopieer word nie aangesien dit neerkom op skending van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978).

8.3 Die WKOD het die reg om skoolfondsrekords te ondersoek en teen enige lid van die personeel of die beheerliggaam op te tree indien hy of sy by die wanadministrasie van skoolfondse betrokke sou wees. Daarom moet skole alle bewyse van inkomste en uitgawes vir hierdie doel bewaar.

9. **2017/18 toewysing**

Alle uitstaande WKOD 043-vorms vir artikel 21-skole moet **voor of op Woensdag, 31 Januarie 2018** by die distrikskantoor ingedien word om te voorkom dat onbetaalde fondse verbeur word.

10. **Kontaknommers vir navrae**

Onderwerp	**Naam**	**Telefoonnr.**
Sesmaandelikse WKOD 043-verslae en geouditeerde finansiële jaarstate	Distrikskantoor-Adjunkdirekteur: Korporatiewe Dienste	Toepaslike distrikskantoor
Aanlyn handboek- (KABV) bestellingsnavrae	Me P Phillips Mnr B le Keur	021 467 2326 021 467 2094
Oordragbetalings aan skole (N&S-toewysings)	Me M Paulsen	021 467 2271
Noodherstelwerk	Mnr N Sutcliffe	021 467 2568
eLeer EDULIS-koördineerder: Skoolbiblioteekdienste	Mnr C Walker Mnr T Cloete	021 467 2351 021 957 9626
Algemene navrae: Norme en Standaarde (oordragbetalings uitgesluit)	Mnr L Sangqu Me A Bakubaku Mnr L van Wyk Faks:	021 467 2608 021 467 2041 021 467 2658 086 731 8900

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-09-15

SAVINGS ON MUNICIPAL SERVICES

ELECTRICITY

(i) Outside lights must be switched off during the day.
(ii) Only when natural light is inadequate should classroom lights be switched on during the day.
(iii) Only the security lights and lights of corner classrooms must be switched on at night.
(iv) During weekends and school holidays, the above-mentioned lights (see (iii)) must be switched on at night and switched off in the morning.
(v) The installation of pre-paid electricity meters must be considered as schools will be able to exercise better control over their use of and spending on electricity. Eskom and most other municipalities have indicated that it will be possible for them to install these meters.

WATER

(i) Municipal water restrictions as issued from time to time by local authorities, supersede any other requirements and must, besides any other guidelines, be strictly adhered to.
(ii) Water sprinklers must be used sparingly and turned off when lawns and flower beds are wet enough. There are service providers that install water restriction meters. Such an option should be considered by schools.
(iii) The water supply to urinals and taps outside the buildings must be closed at the stopcocks when not required, e.g. after school hours and especially during weekends.
(iv) Personnel must ensure that all taps are closed properly before they leave the premises.
(v) Supply pipes and water meters must be checked regularly for leakages and defects. The following procedure must be followed:

- When the school closes for the day, ensure that all taps are closed and take the meter reading.
- Take another reading in the morning before any taps are opened.
- Compare the readings and, if they differ, take the following steps:
  - When the school closes the next day, close the stopcocks and take a meter reading.
  - Take a reading the next morning before the stopcocks are opened.
  - If there is still a difference between the readings, it indicates that the water meter is defective or that there is a pipe leakage.
  - Make arrangements immediately to have the defective water meter and/or pipe repaired.

REFUSE REMOVAL

Monitor the number of refuse bins used. Local authorities normally levy a tariff per bin. It is therefore important to use as few refuse bins as possible. Consideration could also be given to appointing a private contractor to remove the school's refuse.